

20 Januarie - ASEM

Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 2:1-12

Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 2:8

Kort-kort is daar iemand wat die datum van Christus se wederkoms wil vasstel. Mense word op loop gejaag en vrees die dag wat dan so duidelik naby sou wees! In Tessalonika was daar ook sulke wolf-wolf-roepers, valse profete wat die gelowiges probeer mislei het.

Deur die apostel Paulus werp die Heilige Gees in hierdie brief lig op 'n baie belangrike saak: die verloop van God se plan tot met Jesus se wederkoms. Daar is sekere tekens op die pad:

- Daar sal valse waarskuwings wees oor die koms van die Here.
- Daar kom 'n groot afvalligheid van die ware Christelike geloof.
- Die wettelose moet eers verskyn voordat die dag van die Here aanbreek – hy is die Antichris, aartsvyand van Christus, dienaar van Satan. Hy sal wondertekens laat plaasvind en sy mag sal die wêreld verstom. Baie sal mislei word.
- Daar sal gesagvoerders wees wat orde handhaaf, sodat die wettelose nie kan optree nie. Daardie tyd sal verbygaan; eers dan sal die Antichris in sy mag en felheid teen die kerk en Christus kan optree.

Skrikwekkend? Maak dit jou as navolger van Christus bang wanneer jy lees van die geweldige vermoëns van die magte van die Bose? In hoeverre sal die afvalliges en kerkvyandiges jou en my lewe in gevaar stel?

Daaroor gee die Here troos deur die pen van sy apostel. God bly in beheer. Hy is die Almagtige teen wie selfs nie die magtigste Antichris sal standhou nie. So gering is sy mag teenoor Koning Jesus Christus dat hy deur sy asem verdelg en deur sy glansverskyning vernietig sal word.

Maar ook die mense wat nie die waarheid van die evangelie glo nie, medewerkers van die Bose, sal deur die asem van Christus verdelg word; veroordeel tot die ewige dood. Die getroue gelowiges sal egter gered word en ewig lewe.

Sing: Skrifberyming 7-1 (31):1, 3

Dr WC Opperman (Windhoek-Suid)